NASIONALE BELEID MET BETREKKING TOT DIE PROGRAM- EN BEVORDERINGSVEREISTES

Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)

Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring

Nasionale Beleid met betrekking tot die Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE BELEID MET BETREKKING TOT DIE PROGRAM- EN BEVORDERINGSVEREISTES VAN DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING

GRAAD R-12

Departement van Basiese Onderwys
Sol Plaatje Huis
Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357-3000
Faks: +27 12 323-6601

Pleinstraat
Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465-1701
Faks: +27 21 461-8110
http://www.education.gov.za
http://www.thutong.doe.gov.za

© 2012 Departement van Basiese Onderwys

VOORWOORD VAN DIE MINISTER

Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor ’n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geÏnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en ’n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
- Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te onsluit;
- Die grondslag te lê vir ’n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- ’n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die gemeenskap van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het ’n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was ’n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir ’n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot ‘n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002*) wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik diè vir Graad R-9 en Graad 10-12 in ’n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, gealmalgameer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op ’n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is ’n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

(a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;

(b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program-en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.



MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP
MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS

INHOUD

AFKORTINGS EN AKRONIEME viii

DEFINISIES ix

HOOFSTUK 1: BEKENDSTELLING VAN DIE BELEID MET BETREKKING TOT DIE PROGRAM- EN BEVORDERINGSVEREISTES VAN DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD R-12 1

1. DOEL VAN DIE DOKUMENT 1
2. DIE GROEPERING VAN DIE VAKKE SOOS OPGENEEM IN DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD R-12 1

HOOFSTUK 2: ALGEMENE VEREISTES VAN DIE ALGEMENE ONDERWYS- EN OPLEIDINGSFASE, GRAAD R-9 2

3. TYDSDUUR 2
4. KONSESSIES 2

HOOFSTUK 3: GRONDSLAGFASE, GRAAD R-3 4

5. GOEDGEKEURDE VAKKE 4
6. PROGRAMVEREISTES VIR GRAAD R-3 5
7. BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD R–3 5
8. ASSESSERING 6
9. REKORDHOUDING EN RAPPORTERING 6
10. TYDSTOEKENNING 7

HOOFSTUK 4: INTERMEDIÊRE FASE, GRAAD 4-6 8

11. GOEDGEKEURDE VAKKE 8
12. PROGRAMVEREISTES VIR GRAAD 4-6 10
13. VOORBEHOUDSBEPALINGS 10
14. BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD 4-6 11
15. ASSESSERING 11
16. REKORDHOUDING EN RAPPORTERING 12
17. TYDSTOEKENNING 17

HOOFSTUK 5: SENIOR FASE, GRAAD 7-9 14

18. GOEDGEKEURDE VAKKE 14
19. PROGRAMVEREISTES VIR GRAAD 7-9 16
20. VOORBEHOUDSBEPALINGS 16
21. BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD 7-9 17
22. ASSESSERING 17
23. REKORDHOUDING EN RAPPORTERING 18
24. TYDSTOEKENNING 19

HOOFSTUK 6: VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING: GRAAD 10-12 20

25. TYDSDUUR 20
26. TOELATINGSVEREISTES VIR VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING GRAAD 10-12 20
27. PROGRAMVEREISTES VIR GRAAD 10-12 20
28. VOORBEHOUDSBEPALINGS 21
29. BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD 10-12 23
30. ASSESSERING IN GRAAD 10 EN 11 23
31. ASSESSERING IN GRAAD 12 24
32. REKORDHOUDING EN RAPPORTERING 24
33. KONSESSIES 25
34. GEËNDOSSEERDE NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT VIR LEERDERS MET SPESIALE LEERBEHOEFTES 27
35. VERANDERING VAN VAKKE IN GRAAD 10, 11 EN 12 29
36. TYDSTOEKENNING 29
37. SERTIFISERINGSVEREISTES 30
38. AANVULLENDE EKSAMEN 30

HOOFSTUK 7: HERROEPING VAN BELEID EN OORGANGSMAATREËLS 32

39. HERROEPING VAN BELEID 32
40. OORGANGSMAATREËLS 32
41. KORT TITEL EN AANVANG 33

BYLAAG A: GOEDGEKEURDE VAKKE OPGENEEM IN TERME VAN DIE ORGANISERINGSTERREINE VAN DIE NASIONALE KWALIFIKASIERAAMWERK..... 34

BYLAAG B: GOEDGEKEURDE VAKKE WAT VOLDOEN AAN DIE PROGRAMVEREISTES VAN GRAAD 10-12 35

BYLAAG C: ERKENNING VAN VAKKE WAT NIE IN DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD R-12 OPGENEEM IS NIE 39

BYLAAG D: VAKKODERING VIR ASSESSERINGSDOELEINDES 41

AFKORTINGS EN AKRONIEME

AOO	Algemene Onderwys en Opleiding
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding
TVLO	Taal van Leer en Onderrig
NKV	Nasionale Kurrikulumverklaring
NKR	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
NSS	Nasionale Senior Sertifikaat
SAKO	Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid

DEFINISIES

“aanvullende eksamen” - is die eksamen soos bedoel in *paragraaf 38* in hierdie dokument;

“assesseringsliggaam” - is ‘n liggaam wat deur Umalusi, die Raad vir Gehalteversekering in Onderwys en Opleiding in ooreenstemming met die kriteria soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid en deur die Minister behoudens *afdeling17A(6)* van die *Wet op Gehalteversekering vir Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet No. 58 van 2001)* goedgekeur is, en deur Umalusi geakkrediteer is, insluitende die Department van Basiese Onderwys, wat vir hierdie doeleindes as ‘n geakkrediteerde assesseringsliggaam beskou word;

“bewys van leerderprestasie” - is die leerder se werk wat gebruik word om sy of haar interne assesseringspunt te bepaal;

“deeltydse kandidaat” - is ‘n graad 12-leerder wat aan ‘n inrigting wat nie voltydse onderrig verskaf nie, geregistreer het, en sodanige kandidaat mag dus vir enige aantal vakke vir een eksamensitting registreer;

“Departementshoof” - soos gedefinieer in die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet. No. 84 van 1996)*;

“Departement van Basiese Onderwys” - is die nasionale department verantwoordelik vir basiese onderwys in Graad R-12;

“Eerste Addisionele Taalvlak” - is die taalvaardigheidsvlak wat die basiese interkulturele en interpersoonlike kommunikasievaardighede benodig in sosiale situasies en die kognitiewe akademiese vaardighede noodsaaklik vir leer oor die kurrikulum heen, reflekteer;

“eksaminering” - is die afneem van ‘n halfjaarlikse en/of ‘n eenmalige einde-van die-jaar-assessering;

“eksterne assessering” - is enige assesseringsaktiwiteit, -instrument of -program waarvan die ontwerp, ontwikkeling en implementering deur Provinsiale Onderwysdepartemente en die Department van Basiese Onderwys gesamentlik of individueel geïnisieer, beheer en gekoördineer is;

“graad” - soos gedefinieer in die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)*;

“herhaler”- is ‘n kandidaat wat die graad waarvoor hy of sy vir die Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen geregistreer het, gedruip het, of wat sy of haar Nasionale Seniorsertifikaat-eksamenresultate wil verbeter, en dus òf die graad òf die graad 12-jaar wat gedruip is, as ‘n voltydse leerder of as ‘n voltydse of deeltydse kandidaat onderskeidelik wil herhaal;

“Hoof van ‘n inrigting” - soos gedefinieer in die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet. No. 84 van 1996)*;

“**Huistaalvlak”** - is die taalvaardigheidsvlak wat die bemeestering van interpersoonlike kommunikasievaardighede bevorder vir sosiale situasies en die kognitiewe akademiese vaardighede noodsaaklik vir leer oor die kurrikulum heen, reflekteer. Hierdie vlak bevorder leerders se literêre, estetiese en verbeeldingsbevoegdhede sodat hulle oor die vermoë beskik om die wêreld waarin hulle leef te herskep, te bedink en te bemagtig;

“immigrantkandidaat” -– is ‘n leerder soos bedoel in *paragraaf 4(1)(a)* in hierdie dokument*;*

“interne assessering” - soos bedoel in *afdeling 1* van die *Wet op Gehalteversekering vir Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet No. 58 van 2001)*;

“kandidaat” - is ‘n leerder wat die Nasionale Seniorsertifikaat-program voltooi het en vir die finale Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen geregistreer het;

“kondonering” - is die verslapping van die bevorderingsvereistes soos bedoel in *paragraaf 29(1)(b)* in hierdie dokument;

“Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring” - is die beleidsdokumente wat die doel, omvang, inhoud en assessering vir elke vak opgeneem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12,* bepaal*;*

“kwalifikasie” - is ‘n geregistreerde kwalifikasie soos bedoel in die *Wet op Nasionale Kwalifikasieraamwerk, 2008 (Wet No. 67 van 2008);*

“leerder” - soos gedefinieer in die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)*;

“**leerder wat leerhindernisse ervaar**” - verwys na enige leerder wat dit moeilik vind om toegang te hê tot die kurrikulum vanweë faktore wat ‘n hindernis tot leer veroorsaak;

“LUR” - *is* ‘n lid van die Uitvoerende Raad, soos bedoel in *afdeling 1* in die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)*;

“Minimum uitkomste en standaarde” - is die minimum vlak waarop ‘n leerder die inhoud- en assesseringsvereistes vir alle vakke opgeneem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en aangedui in die Kurrikulum- en assesseringbeleidsverklarings moet behaal. Dit sluit ook die program- en bevorderingsvereistes vir Graad R-12 soos aangedui in *paragrawe 6, 7, 12, 14, 19, 21, 27* en *29* in hierdie dokument in;

“Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)” - is ‘n tien vlak-raamwerk wat voorsiening maak vir die registrasie van nasionale standaarde en kwalifikasies soos bedoel in die *Wet op Nasionale Kwalifikasieraamwerk, 2008 (Wet No. 67 van 2008);*

“Nasionale Senior Sertifikaat” - is ‘n kwalifikasie op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) wat toegeken word aan graad 12-kandidate wat aan die nasionale beleidsvereistes soos in hierdie dokument uiteengesit, voldoen het*;*

“onafhanklike skool” - is ‘n skool wat behoudens *afdeling 46* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* geregistreer is, of veronderstel is om geregistreer te wees*;*

“onderwyserlêer” - is die rekordhouding- en beplanningsdokumente wat deur die onderwyser gebruik word, en sluit die volgende dokumente in: formele assesseringsprogramme, bewyse van leerder- assessering/prestasie, alle formele assesseringstake en nasienriglyne, jaarlikse onderrigplanne / werkskedules, handboeke gebruik en ander bronne;

“progressie” - is, met die uitsondering van graad R, die bevordering van ‘n leerder van een graad na die volgende een, ten spyte daarvan dat die leerder nie aan die bevorderingsvereistes voldoen het nie. Progressie kan gebruik word om te verhoed dat ‘n leerder teruggehou word in ‘n fase vir ‘n periode langer as vier jaar soos gestipuleer in die *Toelatingsbeleid vir gewone openbare skole*, gepubliseer in *Goewermentskennisgewing 2432, Staatskoerant, Vol. 400, No. 19377* van 19 Oktober 1998, met dien verstande dat die onderprestering van ‘n leerder in die voorafgaande graad aangespreek word in die graad waartoe die leerder bevorder word;

“promosie” - is die vordering van ‘n leerder van een graad na die volgende een wanneer sodanige leerder aan die minimum vereiste prestasievlak per vak in ‘n bepaalde graad voldoen het;

“Prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie” - is die afneem, administrasie en bestuur van die interne assessering, einde-van-die-jaar-eksamen en die finale Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen soos gestipuleer in die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring, asook in die beleidsdokumente, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12,* en die *Nasionale beleid vir die afneem, administrasie en bestuur van die Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen: ‘n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR);*

“Provinsiale Onderwysdepartement” - is die onderwysdepartement soos bedoel in *afdeling 1* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)*;

“sertifisering” - is die uitreiking van die Nasionale Senior Sertifikaat deur Umalusi wanneer ‘n kandidaat aan die minimum bevorderingsvereistes voldoen het;

“skool” - soos gedefinieer in die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)*;

“Skoolgebaseerde assessering” - is alle formele assessering, insluitende eksamens wat deurlopend deur die jaar deur die skool afgeneem is. In graad 12 bestaan die Skoolgebaseerde eksamen uit al die formele take, insluitende die halfjaarlikse en September-eksamen, maar nie die einde-van-die-jaar Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen nie;

“Tweede Addisionele Taalvlak” - is ‘n taalvaardigheidsvlak wat fokus op die basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede wat in sosiale situasies benodig word en sluit interkulturele kommunikasievaardighede in. Dit beoog om veeltaligheid te bevorder. Hoewel lees- en skryfvaardighede op hierdie vlak ontwikkel sal word, sal die klem op die ontwikkeling van luister- en kommunikasievaardighede geplaas word;

“taalvlakke” - is die vaardigheidsvlakke waarop alle amptelike en nie-amptelike tale in ‘n skool aangebied word, dit is Huistaal-, Eerste Addisionele Taal- en Tweede Addisionele Taalvlakke;

“toegepaste bevoegdheid” - die vermoë om die verworwe kennis binne die relevante konteks toe te pas;

“voltydse kandidaat” - is ‘n leerder wat vir voltydse onderrig by ‘n openbare of onafhanklike skool of enige ander geregistreerde inrigting geregistreer het en wat die vereiste aantal vakke soos in hierdie dokument bepaal, aanbied;

“Umalusi” - Umalusi, die Raad vir Gehalteversekering in Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, geskep behoudens die *Wet op Gehalteversekering vir Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet No. 58 van 2001).*

HOOFSTUK 1

BEKENDSTELLING VAN DIE BELEID MET BETREKKING TOT DIE PROGRAM- EN BEVORDERINGSVEREISTES VAN DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD R-12

1. DOEL VAN DIE DOKUMENT

(1) *Artikel 3(4)(l)* van die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (No. 27 van 1996)* maak voorsiening vir die bepaling van nasionale onderwysbeleid met betrekking tot kurrikulumraamwerke, kernsillabusse en onderwysprogramme, leerstandaarde, eksamens en die sertifisering van kwalifikasies, onderworpe aan die bepalings van enige wet wat 'n nasionale kwalifikasieraamwerk of 'n sertifiserings- of akkrediteringsliggaam instel.

(2) Die beleid soos bepaal in hierdie dokument is van toepassing op openbare gewone en spesiale skole en daardie onafhanklike skole wat die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* aanbied. Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bestaan uit die volgende dokumente:

(a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;

(b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en

(c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12.*

(3) Die beleidsdokument soos bedoel in *subparagraaf (2*) vorm die basis vir die Minister van Basiese Onderwys om minimum uitkomste en standaarde te bepaal, asook die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie soos bepaal in *artikel 6A* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* wat op openbare en onafhanklike skole van toepassing is.

(4) Die uitkomste en standaarde wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal behoudens *artikel 61* van genoemde wet in regulasies omskep word.

2. DIE GROEPERING VAN VAKKE OPGENEEM IN DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD R-12

(1) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* gebruik die twaalf organiseringsvelde van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) vir organiseringsdoeleindes en registrasie op die NKR.

(2) Die organiseringsvelde opgeneem in Bylaag A, word vir organiserings- en registrasiedoeleindes gebruik.

ALGEMENE VEREISTES VAN DIE ALGEMENE ONDERWYS- EN OPLEIDINGSFASE, GRAAD R-9

3. TYDSDUUR

Die tydsduur van die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase is tien jaar, naamlik Graad R-9. Om na Graad 10 bevorder te word, moet 'n leerder:

(1) die programvereistes vir elke graad van Graad R-9 afsonderlik voltooi; en

(2) voldoen aan die interne assesseringsvereistes vir elke graad van Graad R-9 soos bedoel in die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, en die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir die verskeie vakke vir elk van die drie fases van die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase, naamlik die Grondslag-, Intermediêre en Senior fases soos in hierdie dokument genoem.

4. KONSESSIES

(1) Immigrante

(a) 'n Immigrantkandidaat is:

(i) 'n kind of afhanklike van 'n diplomatieke verteenwoordiger van 'n vreemde regering geakkrediteer in Suid-Afrika; of

(ii) 'n persoon wat:

(aa) vir die eerste keer by 'n Suid-Afrikaanse skool in graad 7 of 'n meer senior graad ingeskryf het, of

(bb) sy of haar onderrig in 'n skool in Suid-Afrika begin het, en toe 'n skool buite Suid-Afrika vir twee of meer aaneenlopende jare na graad 3, of die ekwivalent daarvan, bygewoon het en daarna na Suid-Afrika teruggekeer het.

(b) Onderworpe aan *subparagraaf (d)* moet 'n immigrantleerder, soos bedoel in *subparagraaf (a)* die twee vereiste amptelike tale soos bedoel in *paragraaf 12(1)* van die Intermediêre Fase en *paragraaf 19(1)* van die Senior Fase aanbied en aan die Skoolgebaseerde assesseringsvereistes van beide hierdie amptelike tale wat aangebied is, voldoen.

(c) 'n Immigrantleerder in die Intermediêre of Senior Fase moet:

(i) Een van die twee vereiste amptelike tale, soos bedoel in *subparagraaf (b)* op ten minste Eerste Addisionele Taalvlak slaag en 'n Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in daardie taal behaal; en

(ii) Onderworpe aan sub*paragraaf (e)* aan die bevorderingsvereistes van die Intermediêre and Senior Fases, soos in *paragraaf 14* en *paragraaf 21* onderskeidelik bedoel, voldoen.

(d) In stede van die een amptelike taal wat nie aangebied is nie, mag ‘n immigrantkandidaat sy of haar Huistaal in stede van daardie een amptelike taal aanbied, met dien verstande dat dit ‘n amptelike goedgekeurde nie-amptelike taal is en voorts met dien verstande dat hy of sy aan die bevorderingsvereistes van die Intermediêre en Senior Fases, soos in *paragraaf 14* en *paragraaf 21* onderskeidelik bedoel, voldoen.

(e) Om as ‘n immigrantkandidaat geklassifiseer te word, moet sodanige kandidaat in besit wees van:

(i) Die relevante amptelike dokumentasie soos deur die Departement van Binnelandse Sake uitgereik; en

(ii) Die toepaslike amptelike dokumentasie uitgereik deur die skool waar die leerder die Suid-Afrikaanse skoolstelsel vir die eerste keer betree het.

(2) Leerders wat leerhindernisse ervaar

(a) Die volgende konsessies mag van toepassing wees op leerders wat die volgende leerhindernisse of enige ander hindernisse wat die leerder se leer beïnvloed, ervaar:

(i) ‘n Dowe leerder moet die twee vereiste amptelike tale soos bedoel in *paragraaf 6* van die Grondslagfase, *12(1)* van die Intermediêre Fase, en *paragraaf 19(1)* van die Senior Fase aanbied, maar:

(aa) hy of sy moet een van die twee vereiste amptelike tale op ten minste Eerste Addisionele Taalvlak slaag en ‘n Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in daardie taal behaal;

(bb) ‘n Basiese Prestasiebeskrywing (Vlak 2) in die tweede ampelike taal; en

(cc) voldoen aan die ander bevorderingsvereistes van die Grondslag-, Intermediêre of Senior Fase soos bedoel in *paragraaf 7, 14* en *21*.

(ii) Leerders met kommunikasie- en taalhindernisse soos afasiese en dislektiese leerders, moet ook aan die vereistes soos bedoel in *subparagraaf (i)* hierbo voldoen.

(b) *Witskrif 6: Spesiale Onderwysbehoeftes: Die Vestiging van ‘n Inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel (2001*), rig beleid met betrekking tot leerders wat leerhindernisse ervaar.

GRONDSLAGFASE, GRAAD R-3

5. GOEDGEKEURDE VAKKE

TABEL 1: AMPTELIKE TALE

VAKKE	VAKNOMMERS			
	Graad R	Graad 1	Graad 2	Graad 3
Afrikaans Huistaal	13305482	13302842	13302852	13302862
Afrikaans Eerste Addisionele Taal		13312872	13312882	13312892
Engels Huistaal	13305492	13302902	13302912	13302922
Engels Eerste Addisionele Taal		13312932	13312942	13312952
IsiNdebele Huistaal	13305502	13302962	13302972	13302982
IsiNdebele Eerste Addisionele Taal		13312992	13313002	13313012
IsiXhosa Huistaal	13305512	13303022	13303032	13303042
IsiXhosa Eerste Addisionele Taal		13313052	13313062	13313072
IsiZulu Huistaal	13305522	13303082	13303092	13303102
IsiZulu Eerste Addisionele Taal		13313112	13313122	13313132
Sepedi Huistaal	13305532	13303142	13303152	13303162
Sepedi Eerste Addisionele Taal		13313172	13313182	13313192
Sesotho Huistaal	13305542	13303202	13303212	13303222
Sesotho Eerste Addisionele Taal		13313232	13313242	13313252
Setswana Huistaal	13305552	13303262	13303272	13303282
Setswana Eerste Addisionele Taal		13313292	13313302	13313312
SiSwati Huistaal	13305562	13303322	13303332	13303342
SiSwati Eerste Addisionele Taal		13313352	13313362	13313372
Tshivenda Huistaal	13305572	13303382	13303392	13303402
Tshivenda Eerste Addisionele Taal		13313412	13313422	13313432
Xitsonga Huistaal	13305582	13303442	13303452	13303462
Xitsonga Eerste Addisionele Taal		13313472	13313482	13313492

TABEL 2: FISIESE, WISKUNDIGE, REKENAAR- EN LEWENSWETENSKAPPE

VAKKE	VAKNOMMER			
	Graad R	Graad 1	Graad 2	Graad 3
Wiskunde	19331462	19331312	19331322	19331332

TABEL 3: MENSLIKE EN SOSIALE STUDIES

VAKKE	VAKNOMMER			
	Graad R	Graad 1	Graad	Graad 3
Lewensvaardighede	16341302	16341152	16341162	16341172

6. PROGRAMVEREISTES VIR GRAAD R-3

(1) Graad R

'n Leerder in graad R in die Grondslagfase moet die volgende drie (3) vakke genoem in Tabel 1-3 , aanbied:

(a) Een amptelike taal op Huistaalvlak, gekies uit Tabel 1;

(b) Wiskunde gekies uit Tabel 2; en

(c) Lewensvaardighede, bestaande uit Aanvangskennis, Skeppende Kunste, Liggaamlike Opvoeding en Persoonlike en Sosiale Welsyn, soos genoem in Tabel 3.

(2) Graad 1-3

'n Leerder in graad 1-3 in die Grondslagfase moet die volgende vier (4) vakke genoem in Tabelle 1-3, aanbied:

(a) Een amptelike taal op Huistaalvlak gekies uit Tabel 1;

(b) Een amptelike taal op Eerste AddisioneleTaalvlak, gekies uit Tabel 1, met dien verstande dat dit nie dieselfde taal is wat behoudens *subparagraaf (a)* aangebied is nie;

(c) Wiskunde genoem in Tabel 2; en

(d) Lewensvaardighede, bestaande uit Aanvangskennis, Skeppende Kunste, Liggaamlke Opvoeding en Persoonlike en Sosiale Welsyn, soos genoem in Tabel 3.

7. BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD 1 -3

(1) In die Grondslagfase is graad-tot-graadbevordering, in terme van die toepaslike ouderdomsgroep, die aanvaarde norm, behalwe as die leerder nie die gewenste vordering in die daaropvolgende graad toon nie. 'n Leerder wat nog nie gereed is om aan die volgende graad se vereistes te voldoen nie, moet geassesseer word om vas te stel watter toepaslike hulp aan die leerder verskaf moet word.

(2) Die volgende dien as riglyn om 'n leerder se vordering in graad R te bepaal:

(a) Voldoende Prestasiebeskrywing (Vlak 4) in een amptelike taal op Huistaalvlak soos bedoel in *paragraaf 6(1)(a)*; en

(b) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in Wiskunde soos bedoel in *paragraaf 6(1)(b).*

(3) Die volgende dien as riglyn om te bepaal of 'n leerder toegelaat moet word om van graad 1 tot 3 in die Grondslagfase bevorder te word:

(a) Voldoende Prestasiebeskrywing (Vlak 4) in een amptelike taal op Huistaalvlak, soos bedoel in *paragraaf 6(2)(a)*; of

(b) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in die tweede vereiste taal op Eerste Addisionele Taalvlak, soos bedoel in *paragraaf 6(2)(b)*; en

(c) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in Wiskunde soos bedoel in *paragraaf 6(2)(c).*

(4) ‘n Leerder wat nie aan die bevorderingsvereistes voldoen nie, kan na die volgende graad bevorder word om te verhoed dat ‘n leerder, met die uitsondering van graad R, in die Grondslagfase vir ‘n periode langer as vier jaar teruggehou word.

8. ASSESSERING

(1) Leerders sal, behoudens *paragraaf 6* in ooreenstemming met die vereistes soos gespesifiseer in die beleidsdokument *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* en die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings van die vereiste vakke, intern ge-assesseer word.

(2) Die Skoolgebaseerde assesseringspunt wat gedurende die skooljaar voltooi is, sal 100% tot die groottotaal bydra.

9. REKORDHOUDING EN RAPPORTERING

(1) Sewe bevoegdheidsvlakke is beskryf vir al die vakke in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* genoem. Die onderskeie prestasievlakke en hulle ooreenstemmende prestasiebeskrywings word in Tabel 4 hieronder getoon.

TABEL 4: PRESTASIESKAAL VIR DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD R-3

PRESTASIEVLAK	PRESTASIEBESKRYWING	PUNTE %
7	Uitmuntende prestasie	80-100
6	Verdienstelike prestasie	70-79
5	Beduidende prestasie	60-69
4	Voldoende prestasie	50-59
3	Matige prestasie	40-49
2	Basiese prestasie	30-39
1	Ontoereikende prestasie	0-29

(2) Hierdie beskrywings is bedoel om onderwysers te help om leerders te assesseer en om hulle op die regte vlak te gradeer.

(3) Rekordhouding en rapportering van ‘n leerder se prestasie deur onderwysers moet volgens die prestasiebeskrywings in Tabel 4 geskied.

10. TYDSTOEKENNING

(1) Die onderrigtyd vir vakke wat in die Grondslagfase aangebied word, word in Tabel 5 hieronder aangedui:

TABEL 5: TYDSTOEKENNING PER WEEK

VAK	GRAAD R (UUR)	GRAAD 1-2 (UUR)	GRAAD 3 (UUR)
Huistaal	10	7/8	7/8
Eerste Addisionele Taal		2/3	3/4
Wiskunde	7	7	7
Lewensvaardighede	6	6	7
TOTAAL	**23**	**23**	**25**

(2) Onderrigtyd vir graad R, 1 en 2 is 23 uur en vir graad 3 is dit 25 uur.

(3) Onderrigtyd vir tale vir graad R-2 is tien (10) uur en vir graad 3 is dit 11 uur.

(4) ‘n Maksimum van agt (8) uur en ‘n minimum van sewe (7) uur word aan Huistaal toegeken. Vir ‘n Addisionele Taal word ‘n minimum van twee (2) uur en ’n maksimum van drie (3) uur vir graad 1-2 toegeken.

(5) In graad 3 word ‘n maksimum van agt (8) uur en ‘n minimum van sewe (7) uur aan ‘n Huistaal toegeken. ‘n Minimum van drie (3) uur en ‘n maksimum van vier (4) uur word vir ‘n Eerste Addisionele Taal in graad 3 toegelaat.

(6) Die tyd toegeken vir pouses, saalbyeenkomste en buitemuurse bedrywighede word nie by die tydstoekenning ingesluit nie.

(7) Tyd moet voorsien word vir ondersteuning aan leerders wat leerhindernisse ervaar, tydens onderrigtyd.

INTERMEDIÊRE FASE, GRAAD 4-6

11. GOEDGEKEURDE VAKKE

TABEL 6: AMPTELIKE TALE

VAKKE	VAKNOMMER		
	Graad 4	Graad 5	Graad 6
Afrikaans Huistaal	13303502	13303512	13303522
Afrikaans Eerste Addisionele Taal	13313532	13313542	13313552
Afrikaans Tweede Addisionele Taal	13353562	13353572	13353582
Engels Huistaal	13303592	13303602	13303612
Engels Eerste Addisionele Taal	13313622	13313632	13313642
Engels Tweede Addisionele Taal	13353652	13353662	13353672
IsiNdebele Huistaal	13303682	13303692	13303702
IsiNdebele Eerste Addisionele Taal	13313712	13313722	13313732
IsiNdebele Tweede Addisionele Taal	13353742	13353752	13353762
IsiXhosa Huistaal	13303772	13303782	13303792
IsiXhosa Eerste Addisionele Taal	13313802	13313812	13313822
IsiXhosa Tweede Addisionele Taal	13353832	13353842	13353852
IsiZulu Huistaal	13303862	13303872	13303882
IsiZulu Eerste Addisionele Taal	13313892	13313902	13313912
IsiZulu Tweede Addisionele Taal	13353922	13353932	13353942
Sepedi Huistaal	13303952	13303962	13303972
Sepedi Eerste Addisionele Taal	13313982	13313992	13314002
Sepedi Tweede Addisionele Taal	13354012	13354022	13354032
Sesotho Huistaal	13304042	13304052	13304062
Sesotho Eerste Addisionele Taal	13314072	13314082	13314092
Sesotho Tweede Addisionele Taal	13354102	13354112	13354122

TABEL 6: AMPTELIKE TALE (VERVOLG)

VAKKE	VAKNOMMER		
	Graad 4	Graad 5	Graad 6
Setswana Huistaal	13304132	13304142	13304152
Setswana Eerste Addisionele Taal	13314162	13314172	13314182
Setswana Tweede Addisionele Taal	13354192	13354202	13354212
SiSwati Huistaal	13304222	13304232	13304242
SiSwati Eerste Addisionele Taal	13314252	13314262	13314272
SiSwati Tweede Addisionele Taal	13354282	13354292	13354302
Tshivenda Huistaal	13304312	13304322	13304332
Tshivenda Eerste Addisionele Taal	13314342	13314352	13314362
Tshivenda Tweede Addisionele Taal	13354372	13354382	13354392
Xitsonga Huistaal	13304402	13304412	13304422
Xitsonga Eerste Addisionele Taal	13314432	13314442	13314452
Xitsonga Tweede Addisionele Taal	13354462	13354472	13354482

TABEL 7: FISIESE, WISKUNDIGE, REKENAAR- EN LEWENSWETENSKAPPE

VAKKE	VAKNOMMER		
	Graad 4	Graad 5	Graad 6
Wiskunde	19331342	19331352	19331362
Natuurwetenskappe en Tegnologie	19351372	19351382	19351392

TABEL 8: MENSLIKE EN SOSIALE STUDIES

VAKKE	VAKNOMMER		
	Graad 4	Graad 5	Graad 6
Sosiale Wetenskappe	16351182	16351192	16351202
Lewensvaardighede	16341212	16341222	16341232

12. PROGRAMVEREISTES VIR GRAAD 4-6

In graad 4-6 moet ‘n leerder vir elke graad ses (6) vakke, soos bedoel in *subparagraaf (1)* tot *(5)* en genoem in Tabel 6-8, aanbied en voltooi:

(1) Twee (2) amptelike tale gekies uit Tabel 6, met dien verstande dat een van die twee amptelike tale op Huistaalvlak aangebied word, en die ander taal op ten minste Eerste Addisionele Taalvlak, en voorts met dien verstande dat een van die twee tale die taal van leer en onderrig is.

(2) Wiskunde gekies uit Tabel 7;

(3) Natuurwetenskappe en Tegnologie gekies uit Tabel 7;

(4) Lewensvaardighede gekies uit Tabel 8;

(5) Sosiale Wetenskappe gekies uit Tabel 8; en

(6) Een amptelike of nie-amptelike taal as ‘n keusevak op ten minste Tweede Addisionele Taalvlak, met dien verstande dat indien ‘n amptelike taal aangebied word, dit nie dieselfde taal sal wees wat behoudens *subparagraaf (1)* aangebied is nie. Die Addisionele Taal sal beskou word as ‘n addisionele vak wat behoudens *paragraaf 14* nie vir bevorderingsdoeleindes in aanmerking geneem sal word nie.

(7) Onderworpe aan *paragraaf 4(1)(d)* mag immigrantleerders wat behoudens *paragraaf 4(1)(c)(ii)* vrygestel is van die verwerwing van ‘n amptelike taal*,* sy of haar huistaal in stede van die een amptelike taal aanbied, met dien verstande dat dit behoudens *subparagraaf (6)* ‘n goedgekeurde taal op ten minste Eerste Addisionele Taalvlak is.

13. VOORBEHOUDSBEPALINGS

(1) Nie meer as een taal sal uit dieselfde groep aangebied word nie, naamlik:

  (a) isiXhosa, isiZulu, SiSwati en isiNdebele; en

  (b) Sepedi, Sesotho en Setswana.

(2) Dieselfde taal sal nie as ‘n Huistaal en ‘n Eerste Addisionele of Tweede Adddisionele Taal, of as ‘n Eerste en Tweede Addisionele Taal aangebied word nie.

14. BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD 4- 6

(1) Graad-tot-graad-bevordering binne die toepaslike ouderdomsgroep sal die aanvaarde norm wees, behalwe as die leerder nie die gewenste vordering in die daaropvolgende graad toon nie.

(2) Die volgende dien as riglyne om ‘n leerder se vordering in graad 4 tot 6 in the Intermediêre Fase te bepaal:

(a) Voldoende Prestasiebeskrywing (Vlak 4) in een amptelike taal op Huistaalvlak, soos bedoel in *paragraaf 12(1)*;

(b) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in die tweede vereiste amptelike taal op Eerste Addisionele Taalvlak, soos bedoel in *paragraaf 12(1)*;

(c) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in Wiskunde, soos bedoel in *paragraaf 12(2);* en

(d) Onderworpe aan *subparagraaf (e)*, ‘n Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in enige van die oorblywende twee (2) goedgekeurde vakke, soos bedoel in *paragraaf 12(3), 12(4)* en *12(5)*.

(e) Immigrantleerders mag behoudens *paragraaf 4(1)(c)(ii)* van een amptelike taal vrygestel word*,* met dien verstande dat hulle behoudens *subparagraaf (d)* ‘n Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in al die oorblywende drie (3) vakke behaal.

(3) Progressie mag slegs een maal in die Intermediêre Fase toegepas word om te verhoed dat ‘n leerder in hierdie fase vir ‘n periode langer as vier jaar teruggehou word.

(4) ‘n Leerder wat nie gereed is om aan die verwagte vlakvereistes te voldoen nie, en in die eerste fase reeds vir ‘n periode van vier (4) jaar of langer teruggehou is, en moontlik weer vir vier (4) jaar in die tweede fase teruggehou sal word, moet die nodige ondersteuning kry.

15. ASSESSERING

(1) Leerders sal behoudens *paragraaf 12,* in ooreenstemming met die vereistes soos gespesifiseer in die beleidsdokument *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* en die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings van die vereiste vakke, intern ge-assesseer word.

(2) Skoolgebaseerde assessering soos bepaal gedurende die skooljaar, is ‘n verpligte komponent van die bevorderingspunt en beslaan 75%, terwyl die finale eksamenkomponent die oorblywende 25% van die bevorderingspunt beslaan.

16. REKORDHOUDING EN RAPPORTERING

(1) Sewe bevoegdheidsvlakke is vir die vakke wat in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* genoem, beskryf. Die onderskeie prestasievlakke en hulle ooreenstemmende prestasiebeskrywings word in Tabel 9 hieronder getoon.

TABEL 9: PRESTASIESKAAL VIR DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD 4-6

PRESTASIEVLAK	PRESTASIEBESKRYWING	PUNTE %
7	Uitmuntende prestasie	80-100
6	Verdienstelike prestasie	70-79
5	Beduidende prestasie	60-69
4	Voldoende prestasie	50-59
3	Matige prestasie	40-49
2	Basiese prestasie	30-39
1	Ontoereikende prestasie	0-29

(2) Hierdie beskrywings is bedoel om onderwysers te help om leerders te assesseer en om hulle op die regte vlak te gradeer.

(3) Onderwysers moet die leerder se prestasie as punte aanteken en as persentasies rapporteer.

(4) Die persentasie behaal sal bepaal watter prestasievlak op die prestasieskaal aan die leerder toegeken sal word.

17. TYDSTOEKENNING

(1) Die onderrigtyd vir vakke wat in die Intermediêre Fase aangebied word, word in Tabel 10 hieronder aangedui:

TABEL 10: TYDSTOEKENNING PER WEEK

VAK	UUR
Huistaal	6
Eerste Addisionele Taal	5
Wiskunde	6
Natuurwetenskappe en Tegnologie	3, 5
Sosiale Wetenskappe	3
Lewensvaardighede	4
TOTAAL	**27, 5**

(2) Die onderrigtyd vir graad 4, 5 en 6 is 27, 5 uur. Die tydstoekenning laat nie toe vir pouses, saalbyeenkomste en buitemuurse bedrywighede nie.

(3) Skole wat behoudens *paragraaf 12(6)* ‘n addisionele taal uit Tabel 6, op ten minste Tweede Addisionele Taalvlak aanbied, mag dit nie binne die tydstoekenning soos in Tabel 10 uiteengesit, aanbied nie. Addisionele tale mag slegs aangebied word indien die skool die nodige reëlings vir bykomende tyd, bo en behalwe die toegekende 27, 5 uur, kan tref.

(4) Tydstoekenning moet gemaak word vir ondersteuning aan leerders wat leerhindernisse ervaar.

SENIOR FASE, GRAAD 7-9

18. GOEDGEKEURDE VAKKE

TABEL 11: AMPTELIKE TALE

VAKKE	VAKNOMMER		
	Graad 7	Graad 8	Graad 9
Afrikaans Huistaal	13304492	13304502	13304512
Afrikaans Eerste Addisionele Taal	13314522	13314532	13314542
Afrikaans Tweede Addisionele Taal	13354552	13354562	13354572
Engels Huistaal	13304582	13304592	13304602
Engels Eerste Addisionele Taal	13314612	13314622	13314632
Engels Tweede Addisionele Taal	13354642	13354652	13354662
IsiNdebele Huistaal	13304672	13304682	13304692
IsiNdebele Eerste Addisionele Taal	13314702	13314712	13314722
IsiNdebele Tweede Addisionele Taal	13354732	13354742	13354752
IsiXhosa Huistaal	13304762	13304772	13304782
IsiXhosa Eerste Addisionele Taal	13314792	13314802	13314812
IsiXhosa Tweede Addisionele Taal	13354822	13354832	13354842
IsiZulu Huistaal	13304852	13304862	13304872
IsiZulu Eerste Addisionele Taal	13314882	13314892	13314902
IsiZulu Tweede Addisionele Taal	13354912	13354922	13354932
Sepedi Huistaal	13304942	13304952	13304962
Sepedi Eerste Addisionele Taal	13314972	13314982	13314992
Sepedi Tweede Addisionele Taal	13355002	13355012	13355022
Sesotho Huistaal	13305032	13305042	13305052
Sesotho Eerste Addisionele Taal	13315062	13315072	13315082
Sesotho Tweede Addisionele Taal	13355092	13355102	13355112

TABEL 11: AMPTELIKE TALE (VERVOLG)

VAKKE	VAKNOMMER		
	Graad 7	Graad 8	Graad 9
Setswana Huistaal	13305122	13305132	13305142
Setswana Eerste Addisionele Taal	13315152	13315162	13315172
Setswana Tweede Addisionele Taal	13355182	13355192	13355202
SiSwati Huistaal	13305212	13305222	13305232
SiSwati Eerste Addisionele Taal	13315242	13315252	13315262
SiSwati Tweede Addisionele Taal	13355272	13355282	13355292
Tshivenda Huistaal	13305302	13305312	13305322
Tshivenda Eerste Addisionele Taal	13315332	13315342	13315352
Tshivenda Tweede Addisionele Taal	13355362	13355372	13355382
Xitsonga Huistaal	13305392	13305402	13305412
Xitsonga Eerste Addisionele Taal	13315422	13315432	13315442
Xitsonga Tweede Addisionele Taal	13355452	13355462	13355472

TABEL .12: FISIESE, WISKUNDIGE, REKENAAR- EN LEWENSWETENSKAPPE

VAKKE	VAKNOMMER		
	Graad 7	Graad 8	Graad 9
Natuurwetenskappe	19351402	19351412	19351422
Wiskunde	19331432	19331442	19331452

TABEL 13: MENSLIKE EN SOSIALE STUDIES

VAKKE	VAKNOMMER		
	Graad 7	Graad 8	Graad 9
Sosiale Wetenskappe	16351242	16351252	16351262
Lewensoriëntering	16341272	16341282	16341292

TABEL 14: INGENIEURSWESE AND TEGNOLOGIE

VAKKE	VAKNOMMER		
	Graad 7	Graad 8	Graad 9
Tegnologie	15351122	15351132	15351142

TABEL 15: KULTUUR EN KUNSTE

VAKKE	VAKNOMMER		
	Graad 7	Graad 8	Graad 9
Kuns en Kultuur	11351152	11351162	11351172

TABEL 16: BESIGHEID-, HANDEL- EN BESTUURSTUDIES

VAKKE	VAKNOMMER		
	Graad 7	Graad 8	Graad 9
Ekonomiese Bestuurswetenskappe	12351092	12351102	12351112

19. PROGRAMVEREISTES VIR GRAAD 7-9

In graad 7-9 moet ‘n leerder vir elke graad nege (9) vakke soos bedoel in *subparagraaf (1)* tot *(8)* en genoem in Tabelle 11-16 aanbied en voltooi:

(1) Twee (2) amptelike tale gekies uit Tabel 11, met dien verstande dat een van die twee amptelike tale op Huistaalvlak aangebied word, en die ander taal op ten minste Eerste Addisionele Taalvlak, en voorts met dien verstande dat een van die twee tale die taal van leer en onderrig is.

(2) Wiskunde gekies uit Tabel 12;

(3) Natuurwetenskappe en Tegnologie gekies uit Tabel 12;

(4) Lewensoriëntering gekies uit Tabel 13;

(5) Sosiale Wetenskappe gekies uit Tabel 13;

(6) Tegnologie gekies uit Tabel 14;

(7) Kuns en Kultuur gekies uit Tabel 15; en

(8) Ekonomiese Bestuurswetenskappe gekies uit Tabel 16.

(9) Een amptelike of nie-amptelike taal mag as ‘n keusevak op ten minste Tweede Addisionele Taalvlak aangebied word, met dien verstande dat indien ‘n amptelike taal aangebied word, dit nie dieselfde taal sal wees wat behoudens *subparagraaf (1)* aangebied is nie. Die Addisionele Taal sal beskou word as ‘n addisionele vak wat behoudens *paragraaf 21* nie vir bevorderingsdoeleindes in aanmerking geneem sal word nie.

(10) Onderworpe aan *paragraaf 4(1)(d)* mag immigrantleerders wat behoudens *paragraaf 4(1)(c)(ii)* vrygestel is van die verwerwing van ‘n amptelike taal, sy of haar huistaal in stede van die een amptelike taal aanbied, met dien verstande dat dit behoudens *paragraaf 4(1)(c)(i)* ‘n goedgekeurde taal op ten minste Eerste Addisionele Taalvlak is.

20. VOORBEHOUDSBEPALINGS

(1) Nie meer as een taal sal uit dieselfde groep aangebied word nie, naamlik:

(a) isiXhosa, isiZulu, SiSwati en isiNdebele; en

(b) Sepedi, Sesotho en Setswana.

(2) Dieselfde taal sal nie as ‘n Huistaal en ‘n Eerste Addisionele of Tweede Adddisionele Taal, of as ‘n Eerste en Tweede Addisionele Taal aangebied word nie.

21. BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD 7-9

(1) Leerders in graad 7-9 sal van graad tot graad bevorder word indien hulle nege (9) vakke, genoem in *paragraaf 19(1) tot (8)* aangebied het en, behoudens *subparagraaf (a)* tot (e*),* aan die bevorderingsvereistes van agt (8) vakke voldoen het, voorts met dien verstande dat die Skoolgebaseerde assesseringskomponent van die negende vak voltooi is.

(a) Voldoende Prestasiebeskrywing (Vlak 4) in een amptelike taal op Huistaalvlak, soos bedoel in *paragraaf 19(1)*;

(b) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in die tweede vereiste amptelike taal op Eerste Addisionele Taalvlak, soos bedoel in *paragraaf 19(1)*;

(c) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in Wiskunde, soos bedoel in *paragraaf 19(2);*

(d) Matige Prestasiebeskrywing (Vlak 3) in enige drie (3) van die ander vereiste vakke, soos bedoel in *paragraaf 19(3), 19(4), 19(5), 19(6), 19(7)* en *19(8)*; of

(e) Onderworpe aan *subparagraaf (f)*, ten minste ‘n Basiese Prestasiebeskrywing (Vlak 2) in enige twee (2) van die oorblywende vereiste vakke soos bedoel in *paragraaf 19(3), 19(4), 19(5), 19(6), 19(7)* en *19(8)*.

(f) Immigrantleerders mag behoudens *paragraaf 4(1)(c)(ii),* van een amptelike taal vrygestel word*,* met dien verstande dat hulle behoudens *subparagraaf (e)* ‘n Basiese Prestasiebeskrywing (Vlak 2) in al die oorblywende drie (3) vakke behaal.

(2) Progessie mag slegs een maal in die Senior Fase toegepas word om te verhoed dat ‘n leerder in hierdie fase vir ‘n periode langer as vier jaar teruggehou word.

(3) ‘n Leerder wat nie gereed is om aan die verwagte vlakvereistes te voldoen nie, en in die eerste fase reeds vir ‘n periode van vier (4) jaar of langer teruggehou is, en moontlik weer vir vier (4) jaar in die tweede fase teruggehou sal word, moet die nodige ondersteuning kry.

22. ASSESSERING

(1) Leerders sal in ooreenstemming met die vereistes soos gespesifiseer in die beleidsdokument *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* en die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings van die vereiste vakke, intern ge-assesseer word.

(2) Behoudens die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* en die Kurrikulum– en assesseringsbeleidsverklarings moet die einde-van-die-jaar-assessering uit ‘n einde-van-die-jaar-eksamen wat intern opgestel, nagesien en gemodereer is, bestaan.

(3) Skoolgebaseerde assessering soos bepaal gedurende die skooljaar, is ‘n verpligte komponent van die bevorderingspunt en beslaan 40%, terwyl die finale eksamenkomponent die oorblywende 60% van die bevorderingspunt beslaan.

23. REKORDHOUDING EN RAPPORTERING

(1) Sewe bevoegdheidsvlakke is beskryf vir al die vakke in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* genoem. Die onderskeie prestasievlakke en hulle ooreenstemmende prestasiebeskrywings word in Tabel 17 hieronder getoon.

TABEL 17: PRESTASIESKAAL VIR DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD 7-9

PRESTASIEVLAK	PRESTASIEBESKRYWING	PUNTE %
7	Uitmuntende prestasie	80-100
6	Verdienstelike prestasie	70-79
5	Beduidende prestasie	60-69
4	Voldoende prestasie	50-59
3	Matige prestasie	40-49
2	Basiese prestasie	30-39
1	Ontoereikende prestasie	0-29

(2) Hierdie beskrywings sal onderwysers help om leerders te assesseer en om hulle op die regte vlak te gradeer.

(3) Onderwysers moet die leerder se prestasie as punte aanteken en as persentasies rapporteer.

(4) Die persentasie behaal sal bepaal watter prestasievlak op die prestasieskaal aan die leerder toegeken sal word.

24. TYDSTOEKENNING

(1) Die onderrigtyd vir vakke wat in die Senior Fase aangebied word, word in Tabel 18 hieronder aangedui:

TABEL 18: TYDSTOEKENNING PER WEEK

VAK	UUR
Huistaal	5
Eerste Addisionele Taal	4
Wiskunde	4, 5
Natuurwetenskappe	3
Sosiale Wetenskappe	3
Tegnologie	2
Ekonomiese Bestuurswetenskappe	2
Lewensoriëntering	2
Kuns en Kultuur	2
TOTAAL	**27, 5**

(2) Die onderrigtyd vir graad 7, 8 en 9 is 27, 5 uur. Tydstoekenning laat nie toe vir pouses, saalbyeenkomste en buitemuurse bedrywighede nie.

(3) Skole wat behoudens *paragraaf 19(9)* 'n addisionele taal, uit Tabel 11 gekies, op ten minste Tweede Addisionele Taalvlak aanbied, mag dit nie binne die tydstoekenning soos in Tabel 18 uiteengesit, aanbied nie. Addisionele tale mag slegs aangebied word indien die skool die nodige reëlings vir bykomende tyd, bo en behalwe die toegekende 27, 5 uur, kan tref.

VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING: GRAAD 10-12

25. TYDSDUUR

Die tydsduur van die Nasionale Seniorsertifikaat-program is drie jaar, naamlik graad 10, 11 en 12. Om ‘n Nasionale Senior Sertifikaat te behaal, moet ‘n leerder:

(1) die programvereistes vir al die vakke gekies vir al drie jaar, naamlik graad 10, 11 en 12 afsonderlik voltooi; en

(2) voldoen aan die Skoolgebaseerde assesseringsvereistes vir Graad 10, 11 en 12 en die eksterne assesseringsvereistes vir graad 12, soos uiteengesit in die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* en die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings van die onderskeie vakke wat in Bylaag A genoem is.

26. TOELATINGSVEREISTES VIR VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING, GRAAD 10-12

Die minimum toelatingsvereistes vir graad 10 is:

(1) ‘n amptelike graad 9-skoolrapport wat aandui dat die leerder tot graad 10 bevorder is; of

(2) ‘n Algemene Onderwys- en Opleidingsertifikaat (AOOS) vir Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (BOOV); of

(3) ‘n Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) Vlak 1-Sertifikaat wat twee tale vereis; of

(4) ‘n erkende ekwivalente kwalifikasie verwerf op Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) Vlak 1 wat twee tale vereis.

27. PROGRAMVEREISTES VIR GRAAD 10-12

(1) Die goedgekeurde vakke vir die Nasionale Senior Sertifikaat is in twee hoofkategorieë in Bylaag B gegroepeer, naamlik **Groep A** en **Groep B**.

(2) ‘n Leerder in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase moet vier vakke uit **Groep A** kies, naamlik:

(a) Twee (2) amptelike tale gekies uit Bylaag B, Tabel A1, met dien verstande dat een van die twee amptelike tale aangebied word op Huistaalvlak, en die ander taal, òf op Huistaal- òf Eerste Addisionele Taalvlak, voorts met dien verstande dat een van die twee tale die taal van leer en onderrig is.

(b) Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid gekies uit Bylaag B, Tabel A2.

(c) Lewensoriëntering gekies uit Bylaag B, Tabel A3.

(d) Onderworpe aan die voorvereistes van *paragraaf 28(5)* en 28*(6)*, ‘n minimum van enige drie vakke gekies uit **Groep B** Bylaag B, Tabelle B1-B8. Die minimum van drie vereiste vakke kan, bo en behalwe die twee amptelike tale, soos bedoel in sub*paragraaf (a),* ‘n maksimum van twee addisionele tale, genoem in beide Tabel A1 en B4, insluit.

(e) Leerders mag ‘n maksimum van een vak, ontwikkel en geassesseer deur ‘n geakkrediteerde assesseringsliggaam, en goedgekeur deur die Minister van Basiese Onderwys, aanbied ten einde aan die vereistes van drie (3) Groep B-vakke te voldoen. Sodanige vakke is in Bylaag C1-C6 genoem.

28. VOORBEHOUDSBEPALINGS

(1) ‘n Kandidaat wat aan die minimum programvereistes van die Nasionale Senior Sertifikaat voldoen het, mag meer as die vereiste minimum van sewe (7) vakke aanbied, met dien verstande dat hy of sy aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Die addisionele vakke moet vir al drie jaar van die Nasionale Seniorsertifikaat-program, naamlik graad 10-12, aangebied word.

(b) Daar moet voldoen word aan al die interne assesseringsvereistes asook die Praktiese Assesseringstake waar van toepassing, soos uiteengesit in die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* en die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsbepalings vir al die vereiste vakke vir al drie (3) jaar van studie, naamlik graad 10-12.

(2) Nie meer as een taal sal uit dieselfde groep aangebied word nie, naamlik:

(a) isiXhosa, isiZulu, SiSwati en isiNdebele; en

(b) Sepedi, Sesotho en Setswana.

(3) Dieselfde taal sal nie as ‘n Huistaal en ‘n Eerste Addisionele of Tweede Addisionele Taal, of as ‘n Eerste en Tweede Addisionele Taal aangebied word nie.

(4) ‘n Kandidaat mag nie beide Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid aanbied nie.

(5) ‘n Kandidaat mag nie beide Verbruikerstudies en Gasvryheidstudies aanbied nie.

(6) Onderworpe aan *subparagraaf 7*, mag ‘n maksimum van een vak ontwikkel en geassesseer deur ‘n geakkrediteerde assesseringsliggaam, en goedgekeur deur die Minister van Basiese Onderwys vir hierdie doel, aangebied word ten einde te voldoen aan die vereistes van drie (3) Groep B-vakke, soos bedoel in *paragraaf 27(2)(d)*. Sodanige vakke is in Bylaag C genoem.

(7) Die Praktiese Musiekprogramme van een van die volgende Musiekeksamineringsliggame, genoem in Tabel C2 van Bylaag C, naamlik die Associated Board of Royal Schools Praktiese Musiekeksamen, Trinity College of London Praktiese Musiekeksamen en Unisa Praktiese Musiekeksamen mag behoudens die volgende bepalings aangebied word:

(a) Die Eksterne Musiekprogramme genoem in Tabel C2 van Bylaag C, mag slegs as ‘n agste Nasionale Seniorsertifikaat-vak aangebied word.

(b) ‘n Leerder mag slegs in sy of haar graad 12-jaar vir die gekose Eksterne Musiekprogram registreer.

(c) Die geselekteerde Eksterne Musiekprogramme moet op graad 7-Musiekvlak aangebied word.

(d) Die finale eksamenuitslae van die kandidate moet deur die drie Eksterne Musiekeksamineringsliggame bepaal en voorgelê word.

(e) Die finale uitslae van die Eksterne Musiekeksamineringsliggame, wat bestaan uit die teorie en praktiese komponente, sal as die finale uitslag wat deur die kandidaat behaal is, aanvaar word.

(f) Die drie Eksterne Musiekeksamineringsliggame se voorvereiste teoriekomponent vir hul onderskeie Praktiese Musiekeksamen, graad 7, is soos volg:

(i) Associated Board of Royal Schools of Music: Graad 6 Teorie;

(ii) Trinity College of London: Graad 6 Teorie; en

(iii) UNISA: Graad 5 Teorie.

(g) Die kandidaat moet die praktiese komponent nie later as Junie van sy of haar graad 12-jaar voltooi nie.

(h) Die kandidaat mag die teoriekomponent nie vroeër as Oktober van sy of haar graad 11-jaar voltooi nie.

(i) Die uitslae wat deur die drie Eksterne Musiekeksamineringsliggame verskaf word, sal op die Nasionale Senior Sertifikaat aangedui word as ‘n geslaagde vak van ‘n geakkrediteerde en goedgekeurde assesseringsliggaam, behoudens die vereistes soos deur sodanige Eksterne Musiekeksamineringsliggaam bepaal is. Die werklike punt wat deur die kandidaat behaal is, sal op die Nasionale Senior Sertifikaat met ‘n asterisk aangedui word as ‘n vak aangebied deur ‘n eksterne eksamineringsliggaam, behoudens daardie eksterne eksamineringsliggaam se vereistes.

(j) ‘n Leerder sal beperk word tot ‘n maksimum van een eksterne musiekeksamen soos afgeneem deur die Associated Board of Royal Schools of Music, of Trinity College of London, of UNISA.

(k) ‘n Leerder wat die vak Musiek, genoem in Tabel B2 van Bylaag B, in kombinasie met een van die Associated Board of Royal Schools of Music, of Trinity College of London, of UNISA se Praktiese Musiekeksamen, graad 7, as ‘n agste vak aanbied, mag nie dieselfde musiekinstrument as ‘n eerste of tweede instrument aanbied nie.

(l) ‘n Leerder wat een van die Associated Board of Royal Schools of Music, of Trinity College of London, of die UNISA Praktiese Musiekeksamen, graad 7, as ‘n agste vak aanbied, mag nie ‘n musiekprogram saamgestel uit verskillende komponente van die drie Eksterne Musiekprogramme insluit nie.

(m) Die musiekprogramme van die Associated Board of Royal Schools of Music, of Trinity College of London, of UNISA mag nie tydens amptelike skoolure aangebied word nie, maar slegs as ‘n buite-kurrikulêre vak.

(n) ‘n Leerder wat een van die Associated Board of Royal Schools of Music, of Trinity College of London, of die UNISA Praktiese Musiekeksamen, graad 7, as ‘n agste vak aanbied, mag dit nie aanwend om ‘n gedruipte vak wat volgens die sewe vak-pakket van die Nasionale Senior Sertifikaat aangebied is, te vervang nie.

29. BEVORDERINGSVEREISTES VIR GRAAD 10-12

(1) Leerders in graad 10-12 sal van graad tot graad bevorder word indien hulle aan die vereistes van die Skoolgebaseerde assessering, praktiese assesseringstake, waar van toepassing, en die einde-van-die-jaar-eksamenvereistes in nie minder nie as sewe (7) vakke, soos uiteengesit in die beleidsdokument *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* en die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir die verskeie vakke genoem in Bylaag A voldoen het:

(a) 'n Prestasie van 40% in drie vakke, waarvan een 'n amptelike taal op Huistaalvlak is, en 30% in drie vakke, met dien verstande dat 'n volledige prestasiebewys van die Skoolgebaseerde assesseringskomponent van die vak wat nie geslaag is nie, ingedien is.

(b) Kondonering sal slegs in 'n maksimum van een (1) vak in die finale Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen toegepas word wanneer 'n graad 12-kandidaat 'n maksimum van 2% benodig om 'n slaagpunt van òf 30% òf 40% te behaal. Sodanige kondonering sal slegs in een vak toegepas word, met dien verstande dat sodanige kondonering die kandidaat in staat sal stel om die Nasionale Seniorsertifikaat-kwalifikasie te behaal.

(c) Onderworpe aan *paragraaf 28(7)* moet leerders wat een van die volgende musiekprogramme, naamlik die Associated Board of Royal Schools Praktiese Musiekeksamen of Trinity College of London Praktiese Musiekeksamen of Unisa Praktiese Musiekeksamen aanbied, aan die volgende vereistes voldoen:

(i) Die Associated Board of Royal Schools Praktiese Musiekeksamen: ten minste 65%.

(ii) Trinity College of London Praktiese Musiekeksamen: ten minste 65%.

(iii) Unisa Praktiese Musiekeksamen: ten minste 50%.

(2) Die norm vir die herhaling van 'n graad word, waar nodig, in *paragraaf 31* van die *Toelatingsbeleid vir gewone openbare skole, gepubliseer in Goewermentskennisgewing 2432, Staatskoerant, Vol. 400, No. 19377* van 19 Oktober 1998 bepaal, as een jaar per skoolfase.

30. ASSESSERING IN GRAAD 10 EN 11

(1) Leerders sal behoudens die vereistes, soos uiteengesit in die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* en die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die vakke opgeneem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, intern geassesseer word. Die Skoolgebaseerde assesseringspunt vir assesseringstake gedurende die skooljaar voltooi, sal 25% wees, terwyl 'n jaareindeksamenpunt van 75%, tot die res van die groottotaal bydra.

(2) Die gewigstoekenning vir die assessering van Lewensoriëntering in Graad 10 en 11 is egter 'n uitsondering waar die Skoolgebaseerde assesseringskomponent 100% is. Lewensoriëntering sal ekstern gemodereer word.

(3) Behoudens die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* en die Kurrikulum– en assesseringsbeleidsverklarings moet die einde-van-die-jaar-assessering uit 'n intern opgestelde, nagesiende en gemodereerde einde-van-die-jaar-eksamen bestaan.

31. ASSESSERING IN GRAAD 12

(1) Die Skoolgebaseerde assesseringspunt sal behoudens die vereistes, soos uiteengesit in die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* en die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die vakke opgeneem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, 25%, en die jaareindeksamenpunt 75%, tot die groottotaal bydra. Die Skoolgebaseerde assesseringspunt sal ekstern gemodereer word.

(2) Die gewigstoekenning vir die assessering van Lewensoriëntering in graad 12 is egter ‘n uitsondering waar die Skoolgebaseerde-assesseringskomponent 100% is. Lewensoriëntering sal ekstern gemodereer word.

(3) Die finale punt sal af- of opwaarts aangepas word. Indien die desimale syfer minder as 5 is, sal dit afwaarts aangepas word, en opwaarts indien die desimale syfer 5 of hoër is, byvoorbeeld ‘n finale punt van 70, 3 sal afwaarts tot 70, en ‘n finale punt van 70, 6 opwaarts tot 71 aangepas word.

32. REKORDHOUDING EN RAPPORTERING

(1) Sewe bevoegdheidsvlakke is ingevolge die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* en die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die vakke in die *Naionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* gelnoem, beskryf. Die onderskeie prestasievlakke en hulle ooreenstemmende prestasiebeskrywings, word in Tabel 19 hieronder getoon.

TABEL 19: PRESTASIESKAAL VIR DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD 10-12

PRESTASIEVLAK	PRESTASIEBESKRYWING	PUNTE %
7	Uitmuntende prestasie	80-100
6	Verdienstelike prestasie	70-79
5	Beduidende prestasie	60-69
4	Voldoende prestasie	50-59
3	Matige prestasie	40-49
2	Basiese prestasie	30-39
1	Ontoereikende prestasie	0-29

(2) Hierdie beskrywings is bedoel om onderwysers te help om leerders te assesseer en om hulle op die regte vlak te gradeer.

(3) Onderwysers en eksaminatore moet die leerder se prestasie as punte aanteken en as persentasies rapporteer.

(4) Die persentasie behaal sal bepaal watter prestasievlak op die prestasieskaal aan die leerder toegeken sal word.

33. KONSESSIES

(1) Immigrante

(a) ‘n Immigrantkandidaat is:

(i) ‘n Kind of afhanklike van ‘n diplomatieke verteenwoordiger van ‘n vreemde regering geakkrediteer in Suid-Afrika; of

(ii) ‘n persoon wat:

(aa) Vir die eerste keer by ‘n Suid-Afrikaanse skool in graad 7 of ‘n meer senior graad ingeskryf het, of

(bb) sy of haar onderrig in ‘n skool in Suid-Afrika begin het, en toe ‘n skool buite Suid-Afrika vir twee of meer aaneenlopende jare na graad 3, of die ekwivalent daarvan, en voor graad 9 bygewoon het, en gevolglik na Suid-Afrika teruggekeer het.

(b) ‘n Immigrantkandidaat, soos hierbo bedoel, mag slegs een (1) amptelike taal op ten minste Eerste Addisionele Taalvlak aanbied met dien verstande dat dit die taal van leer en onderrig is. Die immigrantkandidaat moet ‘n beoordeling van 30% in daardie taal behaal, met dien verstande dat ‘n ander vak uit Groep B in die plek van die taal wat nie aangebied is nie, gekies word, en voorts met dien verstande dat die immigrantkandidaat voldoen aan die bevorderingsvereistes soos bedoel in *paragraaf 29(1)*.

(c) In stede van om ‘n ander vak uit Groep B in die plek van die een amptelike taal wat nie aangebied is nie, te kies, mag ‘n immigrantkandidaat, onderworpe aan *subparagraaf (b),* sy of haar Huistaal in die plek van daardie een amptelike taal aanbied, onderworpe aan die volgende:

(i) Indien sodanige taal op Huistaalvlak in Tabel B4 in Bylaag B genoem is.

(ii) Sy of haar huistaal op die A-Level van die General Certificate of Education (GCE) van die Verenigde Koninkryk, of ‘n eksamen wat deur die Departement van Basiese Onderwys as ekwivalent aan Huistaalvlak erken word vir die doeleindes van *subparagraaf (b)* aanbied.

(iii) Die punte wat deur die betrokke assesseringsliggaam verskaf word, sal vir bevorderingsdoeleindes in aanmerking geneem word. Indien die werklike punt nie beskikbaar is nie, sal die uitslae met behulp van Tabel 20 hieronder omgeskakel word, met dien verstande dat die kandidaat nie twee gelyknamige tale mag aanbied nie.

TABEL 20: OMSKAKELINGSTABEL

PROGRAMVEREISTES			
A-Level		Nasionale Beleid	
Simbool	**%**	**Punte**	**%**
A	70-100	280	70
B	60-69	240	60
C	55-59	220	55
D	50-54	200	50
E	40-49	160	40
F	30-39	140	35

(d) Om as ‘n immigrantkandidaat geklassifiseer te word, moet sodanige kandidaat in besit wees van:

(i) die relevante amptelike dokumentasie soos deur die Departement van Binnelandse Sake uitgereik, en

(ii) die toepaslike amptelike dokumentasie uitgereik deur die skool waar die leerder die Suid-Afrikaanse skoolstelsel vir die eerste keer betree het.

(2) Leerders wat leerhindernisse ervaar

(a) Die volgende konsessies mag van toepassing wees op leerders wat die volgende leerhindernisse ervaar:

(i) ‘n Dowe leerder mag een (1) amptelike taal op Eerste Addisionele Taalvlak aanbied, met dien verstande dat dit die taal van leer en onderrig is. Die dowe leerder moet gevolglik ‘n ander vak uit Groep B aanbied in die plek van die taal wat nie aangebied is nie, met dien verstande dat sodanige dowe leerder voldoen aan die bevorderingsvereistes, soos bedoel in *paragraaf 29(1).*

(ii) Leerders met kommunikasie- en taalhindernisse soos afasiese en dislektiese kandidate, mag slegs een (1) amptelike taal op Eerste Addisionele Taalvlak aanbied, met dien verstande dat dit die taal van leer en onderrig is en dat ‘n ander vak uit Groep B aangebied word in die plek van die een taal wat nie aangebied word nie, voorts met dien verstande dat sodanige afasiese en dislektiese kandidate voldoen aan die bevorderingsvereistes, soos bedoel in *paragraaf 29(1).*

(iii) Leerders wat wiskundige gestremdhede soos dyskalkulia, ervaar, mag kwytgeskeld word van die aanbieding van Wiskundige Geletterdheid of Wiskunde, met dien verstande dat ‘n ander vak uit Groep B aangebied word in die plek van Wiskundige Geletterdheid of Wiskunde, voorts met dien verstande dat sodanige kandidaat voldoen aan die bevorderingsvereistes, soos bedoel in *paragraaf 29(1).*

(b) *Witskrif 6: Spesiale Onderwysbehoeftes: Die Vestiging van ‘n Inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel (2001*), rig beleid met betrekking tot leerders wat leerhindernisse ervaar.

34. GEËNDOSSEERDE NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT VIR LEERDERS MET SPESIALE LEERBEHOEFTES

(1) Leerders wat leerhindernisse ervaar, mag in òf spesiale skole òf in gewone skole met die nodige toepaslike ondersteuningsmiddele geakkommodeer word.

(2) Spesiale skole is skole wat onderrig verskaf aan leerders wat intensiewe hoë vlak individuele en gespesialiseerde ondersteuning benodig. Hierdie skole vervul ‘n tweeledige funksie:

(a) die verskaffing van voltydse toepaslike kwaliteitsonderwys en ondersteuning aan die leerders wat in hierdie skole geakkommodeer word; en

(b) die verskaffing van advies, riglyne, onderrig en bystand in ‘n raadgewende hoedanigheid aan beide onderwysers en leerders verbonde aan skole met betrekking tot kurrikulum, assessering en onderrigaangeleenthede.

(3) Die volgende leerders word geag as leerders wat leerhindernisse ervaar en vir wie spesiale maatreëls in gewone sowel as in spesiale skole in plek gestel moet word met die doel om hulp aan die leerders wat leerhindernisse ervaar, te verleen:

(a) Leerders wat **neurologiese hindernisse** ondervind ten opsigte van leer, lees, spel, dysgraphia, wiskundige berekeninge en numeriese vaardighede, en die begrip van die geskrewe woord.

(b) Leerders wat doof of hardhorend is en wie se **gehoorbelemmering** leerhindernisse tot gevolg het en vir wie leer deur middel van gebaretaal gefasiliteer moet word in ‘n omgewing wat beide die taalidentiteit van die dowe gemeenskap, asook tweetaligheid bevorder en ook die beskikbaarheid van ondersteunende tegnologie verseker.

(c) Leerders wat ernstige **visuele leerhindernisse** soos blindheid en gedeeltelike sig ervaar en vir wie leer deur middel van doeltreffende geïndividualiseerde ondersteuningsmaatreëls, gespesialiseerde onderrigmetodes, die gebruik van Braille en grootdruk-leermateriaal en die aanwending van spesiale apparatuur, soos Braille-toerusting, vergrotingskamera’s en geslotebaan-televisie in klaskamers, sagteware vir vergroting, gefasiliteer moet word.

(d) Leerders met **liggaamlik hindernisse** en wie se vlak van funksionering beperk word as gevolg van beperkte groot en klein motoriese vaardighede, afhanklikheid van sekere apparate, byvoorbeeld rolstoele, mediese toestande en ontoeganklike skoolgeboue. Die term *liggaamlike hindernisse* sluit ‘n wye reeks toestande in wat strek van kongenitale hindernisse tot diè wat voortspruit uit siektetoestande, waarvan die algemeenste toestande spina bifida, serebrale gestremdheid, hemofilia en pulmonale toestande is.

(e) Leerders wat **matige tot ernstige intellektuele leerhindernisse** ervaar en wie se spesifieke onderwysbehoeftes in hoofstroom- en spesiale skole hanteer moet word deur middel van differensiasie en kurrikulumaanpassing in omgewings wat die volle ontwikkeling van hulle potensiaal, onafhanklikheid en sosialisering bevorder.

(f) Leerders met **veelvuldige leerhindernisse**.

(g) Leerders met **ernstige gedrags- en emosionele leerhindernisse**.

(h) Leerders met enige ander medies-geëvalueerde leerhindernis wat nie in bogenoemde kategorieë ingesluit is nie.

(4) Graad 10-12-leerders wat leerhindernisse ervaar en aan een van die volgende vereistes voldoen, mag òf die Nasionale Seniorsertifikaat-program, ingevolge *paragraaf 26* tot *32* en *35* tot *38* van hierdie dokument volg, òf die Geëndosseerde Nasionale Senior Sertifikaat vir leerders met spesiale behoeftes soos bedoel in *subparagraaf 5, 6* en *8*:

(a) Leerders met ekstensiewe spesiale behoeftes wat òf ingevolge *artikel 5(6)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* in 'n spesiale skool is, òf in 'n skool is waar spesiale sorg aan hulle verleen word; of

(b) Leerders in gewone skole wat geïdentifiseer en geassesseer is om in 'n spesiale skool geplaas te word en wat tans op die waglys is vir plasing in sodanige spesiale skole; of

(c) Leerders in gewone skole wat geïdentifiseer en geassesseer is om in 'n spesiale skool geplaas te word, maar besluit het om in die hoofstroomskole te bly.

(5) Onderworpe aan *subparagraaf (4)*, mag aan leerders wat leerhindernisse ervaar en onsuksesvol was om 'n Nasionale Senior Sertifikaat op Vlak 4 van die NKR te behaal, òf nie aan die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Senior Sertifikaat op Vlak 4 van die NKR, soos bedoel in *paragraaf 27, 28* en *29* van hierdie dokument, kon voldoen nie, 'n Geëndosseerde Nasionale Senior Sertifikaat vir leerders met spesiale behoefte uitgereik word, met dien verstande dat hulle aan die volgende program- en bevorderingsvereistes voldoen het:

(a) Die leerder moet aan die interne en eksterne assesseringsvereistes van nie minder as vyf (5) vakke wat soos volg uit Bylaag B in hierdie dokument gekies en voltooi is, voldoen:

(i) Drie (3) vakke van **Groep A** in hierdie dokument wat soos volg gekies is:

(aa) Een (1) amptelike taal gekies uit Bylaag B, Tabel A1, met dien verstande dat die amptelike taal op Eerste Addisionele Taalvlak aangebied word, en voorts met dien verstande dat dit die taal van leer en onderrig is;

(bb) Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid gekies uit Bylaag B, Tabel A2;

(cc) Lewensoriëntering gekies uit Bylaag B, Tabel A3;

(dd) 'n Minimum van enige twee (2) vakke gekies uit **Groep B** Bylaag B, Tabel B1-B8 in hierdie dokument.

(6) Onderworpe aan *subparagraaf (4)*, sal 'n Geëndosseerde Nasionale Senior Sertifikaat vir leerders met spesiale behoefte aan 'n kandidaat wat leerhindernisse ervaar, uitgereik word as hy of sy 30% in vyf vakke behaal het.

(7) Indien 'n leerder wat vir 'n Geëndosseerde Nasionale Senior Sertifikaat vir leerders met spesiale behoeftes geregistreer het 'n sesde vak aanbied, moet sodanige leerder 30% in vyf van die ses vakke behaal, met dien verstande dat een van die vakke 'n amptelike taal op ten minste Eerste Addisionele Taalvlak is, en voorts met dien verstande dat die Skoolgebaseerde assesserings-komponent van die sesde vak voltooi is.

(8) Die konsessies in *paragraaf 33* van hierdie dokument met betrekking tot immigrantleerders en leerders wat leerhindernisse as gevolg van doofheid en wiskundige gestremdheid soos dyskalkulia, ondervind, sal ook van toepassing wees op leerders wat vir die Geëndosseerde Nasionale Senior Sertifikaat vir leerders met spesiale behoefte geregistreer het.

35. VERANDERING VAN VAKKE IN GRAAD 10, 11 EN 12

(1) 'n Leerder mag met die toestemming van die Hoof van die skool waar hy of sy geregistreer is, 'n maksimum van **twee** vakke in graad 10 verander, met dien verstande dat dit aan die begin van die derde kwartaal gedoen word.

(2) 'n Leerder mag met die toestemming van die Hoof van die skool waar hy of sy geregistreer is, 'n maksimum van **twee** vakke in graad 11 verander, met dien verstande dat dit voor 28 Februarie gedoen word.

(3) In 'n uitsonderlike geval mag 'n leerder **een** vak in graad 12 verander, met dien verstande dat dit voor 31 Januarie van die graad 12-jaar gedoen word.

(4) Goedkeuring vir die verandering van 'n vak in Graad 12 moet deur die Hoof van die assesseringsliggaam verleen word. Die volgende dokumente word benodig:

(a) 'n motiveringsbrief van die leerder se ouer of voog;

(b) 'n brief van die Skoolhoof wat redes verskaf ter ondersteuning of afkeuring van die beoogde vakverandering; en

(c) 'n brief van die vakonderwyser, wat 'n oorsig verskaf van die ondersteuningsprogram wat deur die leerder gevolg moet word ten opsigte van daardie aspekte van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings van die vorige graad wat nie deur hom of haar voltooi is nie.

(5) 'n Leerder wat 'n vak in graad 10, 11 of 12 verander sal van die nuwe vak se Skoolgebaseerde assesseringsvereistes kwytgeskeld word vir die periode voor die vakverandering, met dien verstande dat:

(a) hy of sy vir die periode voor die vakverandering aan die Skoolgebaseerde assesseringsvereistes van die vak wat verander wil word, sal voldoen; en

(b) hy of sy vanaf die dag van verandering aan al die oorblywende Skoolgebaseerde assesseringsvereistes van die nuwe vak sal voldoen.

(6) Indien die leerder wat die vak in graad 10, 11 of 12 verander het, leerprobleme as gevolg van die vakverandering ondervind, kan sodanige leerder, of sy of haar ouers of voog, nie die provinsiale onderwysdepartement verantwoordelik hou nie.

36. TYDSTOEKENNING

(1) Volgens die *Personeel Administratiewe Maatreëls,* soos bepaal in terme van *artikel 4* van die *Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998,* moet alle Skoolgebaseerde opvoeders by die skool wees gedurende die formele skooldag. Elke skooldag moet ten minste sewe uur lank wees, dus 35 uur per vyfdagweek.

(2) Die kontaktyd vir die onderrig van graad 10, 11 en 12, uitgesluit die tyd toegeken aan pouses, saalbyeenkomste en buitemuurse bedrywighede, sal 27, 5 uur per week lank wees.

(3) Die 27, 5 uur-kontaktyd vir onderrig per week, moet soos volg benut word:

(a) Tale: 9 uur per week, dit is 4, 5 uur per week vir elk van die twee tale;

(b) Wiskundige Geletterdheid of Wiskunde: 4, 5 uur per week;

(c) Lewensoriëntering: 2 uur per week; en

(d) Tydstoekenning vir die Groep B-vakke (12, 0 uur): 4, 0 uur per week behoort toegeken te word aan elk van die drie Groep B-vakke of ‘n vak wat uit Bylaag C gekies is om een Groep B vak te vervang.

(4) Tabel 21 bied ‘n opsomming van die tydstoekenning.

TABEL 21: TYDSTOEKENNING PER WEEK VIR VAKKE IN GRAAD 10-12 AANGEBIED

VAK	UUR
Taal 1	4, 5
Taal 2	4, 5
Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid	4, 5
Lewensoriëntering	2, 0
Groep B-vakke (3 x 4 uur)	12, 0
TOTAAL	**27, 5**

(5) Die toegekende 27, 5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien ‘n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

37. SERTIFISERINGSVEREISTES

(1) Onderworpe aan die voorvereistes van *paragraaf 17A* van die *Wet op Gehalteversekering vir Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet No. 58 van 2001)*, en onderworpe aan *paragaaf 27* en *29* van hierdie dokument, sal die volgende sertifikate uitgereik word:

(a) ‘n Nasionale Senior Sertifikaat wat behoudens *paragraaf 27, 28* en *29* aan die program- en bevorderingsvereistes voldoen; en

(b) ‘n Geëndosseerde Nasionale Senior Sertifikaat vir leerders wat leerhindernisse ervaar wat behoudens *paragraaf 34(5), (6)* and *(7)* aan die program- en bevorderingsvereistes van ‘n Geëndosseerde Nasionale Senior Sertifikaat vir leerders wat leerhindernisse ervaar, voldoen.

(2) Die Nasionale Senior Sertifikaat is ‘n 130 krediet-sertifikaat op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR).

(3) Ingevolge hierdie beleidsdokument moet die Nasionale Seniorsertifikaat-kwalifikasie:

(a) oor ‘n gedefinieerde doel of doelstellings beskik, en daarop gerig wees om kwalifiserende leerders van toegepaste bevoegdheid en ‘n basis vir verdere leer te voorsien;

(b) die kwalifiserende leerder verryk;

(c) die gemeenskap en die ekonomie bevoordeel;

(d) aan die doelwitte van die NKR voldoen;

(e) waar van toepassing, internasionaal vergelykbaar is;

(f) geïntegreerde assessering toepaslik inkorporeer; en

(g) die reëls vir die toekenning van die kwalifikasie aandui.

(4) Die tydsduur van die Nasionale Seniorsertifikaat-program is drie jaar en die voortspruitende kwalifikasie word aan die einde van graad 12 uitgereik.

(5) Onderworpe aan *Regulasie 59(4)* van die *Regulasies met betrekking tot die afneem, administrasie en bestuur van die assessering van die Nasionale Senior Sertifikaat*, gepubliseer in *Staatskoerant No. 31337* van 29 Augustus 2008, mag deeltydse kandidate ook die Nasionale Senior Sertifikaat aanbied. Voltydse kandidate, herhalers en deeltydse kandidate sal vakke genoem in Bylaag B van hierdie dokument aanbied. Vir hierdie doeleindes word voltydse kandidate, herhalers en deeltydse kandidate soos volg gedefinieer:

'n Deeltydse kandidaat in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase is 'n kandidaat wat geregistreer het by 'n inrigting wat nie voltydse onderrig verskaf nie en sodanige kandidaat mag dus vir enige aantal vakke vir een eksamensitting registreer. Die tydperk vir die voortbestaan van hierdie kategorie leerders sal deur die Minister van Basiese Onderwys bepaal word.

'n Voltydse leerder is 'n leerder wat in 'n *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*-program in 'n voltydse hoedanigheid aan 'n openbare of onafhanklike skool of enige ander geregistreerde inrigting onderrig word, en behoudens *paragraaf 27* van hierdie dokument vir sewe (7) Nasionale Seniorsertifikaat-vakke geregistreer het. Sodanige kandidaat moet aan al die interne assesseringsvereistes van die Nasionale Senior Sertifikaat, insluitende die toepaslike mondelinge en praktiese vereistes, voldoen.

(6) 'n Herhaler in die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase is 'n kandidaat wat die graad waarvoor hy of sy vir die Nasionale Seniorsertifikaat-eksamen geregistreer het, gedruip het, of wat sy of haar Nasionale Seniorsertifikaat-eksamenresultate wil verbeter, en dus òf die graad òf die graad 12-jaar gedruip, as 'n voltydse leerder of as 'n voltydse of deeltydse kandidaat onderskeidelik wil herhaal.

38. AANVULLENDE EKSAMEN

'n Aanvullende eksamen sal behoudens die volgende bepalings aan 'n voltydse kandidaat, 'n herhaler of 'n deeltydse kandidaat vergun word:

(1) *Paragraaf 18* van die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die afneem, administrasie en bestuur van die assessering van die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 van die Nasionale Kwalifikasiesraamwerk (NKR)* gepubliseer in *Staatskoerant, No. 30048* van 6 Julie 2007; en

(2) *Regulasie 18* van die *Regulasies met betrekking tot die afneem, administrasie en bestuur van die assessering van die Nasionale Senior Sertifikaat*, gepubliseer in *Staatskoerant No. 31337* van 29 Augustus 2008.

HERROEPING VAN BELEID EN OORGANGSMAATREëLS

39. HERROEPING VAN BELEID

(1) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole),* gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 710* in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002, is onderworpe aan *paragraaf 41,* herroep.

(2) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124* in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007, is onderworpe aan *paragraaf 41,* herroep.

(3) Die *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 (Algemeen)*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 25545* van 6 Oktober 2003*, No. 27594* van 7 Mei 2005, *No. 27819* van 20 Julie 2005 en *No. 28300* van 7 Desember 2005, is onderworpe aan *paragraaf 41* herroep.

(4) Die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasiesraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No.27819* van 20 Julie 2005, onderworpe aan *paragraaf 41*, is herroep en vervang met die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale kurrikulumverklaring Graad R-12*.

(5) Die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasiesraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoeftes*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 29466* van 11 Desember 2006 en onderworpe aan *paragraaf 41,* is herroep en ingesluit in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale kurrikulumverklaring Graad R-12*.

(6) Die beleidsdokument, *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasiesraamwerk (NKR) met betrekking tot* die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 29467* van 11 Desember 2006 en onderworpe aan *paragraaf 41,* is herroep en vervang met die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.

40. OORGANGSMAATREËLS

(1) Die status quo*,* soos vervat in die volgende beleidsdokumente, sal gehandhaaf word tot tyd en wyl die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsraamwerke, die beleidsdokumente, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale kurrikulumverklaring Graad R-12* en die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12,* soos bedoel in *paragraaf 41,* geïmplementeer is.

(a) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulum-verklaring R-9 (Skole),* gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002;

(b) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 (Algemeen)*, gepromulgeer in *Staatskoerant, No. 25545* van 6 Oktober 2003*, No. 27594* van 7 Mei 2005, *No. 27819* van 20 Julie 2005 en No. 28300 van 7 Desember 2005;

(c) *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124* in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;

(d) *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasiesraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 27819* van 20 Julie 2005; en

(e) *'n Addendum tot die beleidsdokument,* die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasiesraamwerk (NKR) met betrekking tot* die *Nasionale Protokol virr Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 29467* van 11 Desember 2006.

(2) Nasionale onderwysbeleid met betrekking tot deeltydse kandidate soos bedoel in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die afneem, administrasie en bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasiesraamwerk (NKR), gepubliseer* in *Staatskoerant, No. 30048* van 6 Julie 2007 sal, onderworpe aan *Regulasie 59(4)* van die *Regulasies met betrekking tot die afneem, administrasie en bestuur van die assessering van die Nasionale Senior Sertifikaat*, gepubliseer in *Staatskoerant No. 31337* van 29 Augustus 2008, gehandhaaf word vir 'n tydperk deur die Minister van Basiese Onderwys bepaal.

(3) Die Minister van Basiese Onderwys mag ingevolge *artikel 3(4)(l) en 7* van die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet No. 27 van 1996),* die oorgangsmaatreëls, soos bedoel in *paragraaf 40,* wysig. Sodanige wysigings aan die oorgangsmaatreëls mag gereguleer word ingevolge *artikel 61(c)* en *(d)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996).*

41. KORT TITEL EN AANVANG

Hierdie beleid heet die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en sal in werking tree op die dag van die promulgering daarvan in die *Staatskoerant* en sal soos volg geïmplementeer word:

(a) Januarie 2012: Graad R-3 en Graad 10;

(b) Januarie 2013: Graad 4–6 en Graad 11; en

(c) Januarie 2014: Graad 7–9 en Graad 12.

BYLAAG A

GOEDGEKEURDE VAKKE OPGENEEM IN TERME VAN DIE ORGANISERINGSTERREINE VAN DIE NASIONALE KWALIFIKASIERAAMWERK

NO	ORGANISERINGSVELDE	VAK
1.	Landbou en Natuurbewaring	Landboubestuurspraktyke; Landbouwetenskappe; Landboutegnologie
2.	Kunste en Kultuur	Dansstudies; Ontwerp; Dramatiese Kunste; Musiek; Visuele Kunste
3.	Besigheids, Handel- en Bestuurstudies	Rekeningkunde; Besigheidstudies; Ekonomie
4.	Kommunikasiestudies en Taal	Alle amptelike tale en ‘n aantal nie-amptelike tale
5.	Onderwys, Opleiding en Ontwikkeling	
6.	Vervaardiging, Ingenieurswese en Tegnologie	Siviele Tegnologie; Elektriese Tegnologie; Meganiese Tegnologie; Ingenieursgrafika en -ontwerp
7.	Menslike en Sosiale Studies	Religiestudies; Geografie; Geskiedenis; Lewensoriëntering
8.	Regte, Krygskunde en Sekerheid	
9.	Gesondheidswetenskap en Sosale Dienste	
10.	Fisiese, Wiskundige-, Rekenaar- en Lewenswetenskappe	Rekenaartoepassingstegnologie; Inligtingstegnologie; Lewenswetenskappe; Wiskundige Geletterdheid; Wiskunde; Fisiese Wetenskappe
11.	Dienste	Verbruikerstudies; Gasvryheidstudies; Toerisme
12.	Fisiese beplanning en Konstruksie	

GOEDGEKEURDE VAKKE WAT VOLDOEN AAN DIE PROGRAMVEREISTES VAN GRAAD 10-12

GROEP A

TABEL A1: AMPTELIKE TALE OP HUIS- EN EERSTE ADDISIONELE TAALVLAK

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 10
Afrikaans Huistaal	13301002	13301013	13301024
Afrikaans Eerste Addisionele Taal	13311032	13311043	13311054
Engels Huistaal	13301062	13301073	13301084
Engels Eerste Addisionele Taal	13311092	13311103	13311114
IsiNdebele Huistaal	13301122	13301133	13301144
IsiNdebele Eerste Addisionele Taal	13311152	13311163	13311174
IsiXhosa Huistaal	13301182	13301193	13301204
IsiXhosa Eerste Addisionele Taal	13311212	13311223	13311234
IsiZulu Huistaal	13301242	13301253	13301264
IsiZulu Eerste Addisionele Taal	13311272	13311283	13311294
Sepedi Huistaal	13301302	13301313	13301324
Sepedi Eerste Addisionele Taal	13311332	13311343	13311354
Sesotho Huistaal	13301362	13301373	13301384
Sesotho Eerste Addisionele Taal	13311392	13311403	13311414
Setswana Huistaal	13301422	13301433	13301444
Setswana Eerste Addisionele Taal	13311452	13311463	13311474
SiSwati Huistaal	13301482	13301493	13301504
SiSwati Eerste Addisionele Taal	13311512	13311523	13311534
Tshivenda Huistaal	13301552	13301563	13301574
Tshivenda Eerste Addisionele Taal	13311582	13311593	13311604
Xitsonga Huistaal	13301612	13301623	13301634
Xitsonga Eerste Addisionele Taal	13311642	13311653	13311664

TABEL A2: WISKUNDIGE WETENSKAPPE

VAK	VAKNOMMER		
	Graad 10	Graad 11	Graad 12
Wiskundige Geletterdheid	19321002	19321013	19321024
Wiskunde	19331032	19331043	19331054

TABEL A3: MENSLIKE EN SOSIALE STUDIES

VAK	VAKNOMMER		
	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Lewensoriëntering	16341002	16341013	16341024

GROEP B

TABEL B1: LANDBOU

VAK	VAKNOMMERR		
	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Landboubestuurspraktyke	10351002	10351013	10351024
Landbouwetenskappe	10351032	10351043	10351054
Landboutegnologie	10351062	10351073	10351084

TABEL B2: KULTUUR EN KUNSTE

VAK	VAKNOMMER		
	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Dansstudies	11351002	11351013	11351024
Ontwerp	11351032	11351043	11351054
Dramatiese Kunste	11351062	11351073	11351084
Musiek	11351092	11351103	11351114
Visuele Kunste	11351122	11351133	11351144

TABEL B3: BESIGHEID-, HANDEL- EN BESTUURSTUDIES

VAK	VAKNOMMER		
	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Rekeningkunde	12351002	12351013	12351024
Besigheidstudies	12351032	12351043	12351054
Ekonomie	12351062	12351073	12351084

TABEL B4: AMPTELIKE TALE OP TWEEDE ADDISIONELE TAALVLAK, EN NIE-AMPTELIKE TALE

VAK	VAKNOMMER		
	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Afrikaans Tweede Addisionele Taal	13351672	13351683	13351694
Engels Tweede Addisionele Taal	13351702	13351713	13351724
IsiNdebele Tweede Addisionele Taal	13351732	13351743	13351754
IsiXhosa Tweede Addisionele Taal	13351762	13351773	13351784
IsiZulu Tweede Addisionele Taal	13351792	13351803	13351814
Sepedi Tweede Addisionele Taal	13351822	13351833	13351844
Sesotho Tweede Addisionele Taal	13351852	13351863	13351874
Setswana Tweede Addisionele Taal	13351882	13351893	13351904
SiSwati Tweede Addisionele Taal	13351912	13351923	13351934
Tshivenda Tweede Addisionele Taal	13351942	13351953	13351964
Xitsonga Tweede Addisionele Taal	13351972	13351983	13351994
Arabies Tweede Addisionele Taal	13352002	13352013	13352024
Frans Tweede Addisionele Taal	13352032	13352043	13352054
Duits Huistaal	13352062	13352073	13352084
Duits Tweede Addisionele Taal	13352092	13352103	13352114
Gujarati Huistaal	13352122	13352133	13352144
Gujarati Eerste Addisionele Taal	13352152	13352163	13352174
Gujarati Tweede Addisionele Taal	13352182	13352193	13352204
Hebreeus Tweede Addisionele Taal	13352212	13352223	13352234
Hindi Huistaal	13352242	13352253	13352264
Hindi Eerste Addisionele Taal	13352272	13352283	13352294
Hindi Tweede Addisionele Taal	13352302	13352313	13352324
Italiaans Tweede Addisionele Taal	13352332	13352343	13352354
Latyn Tweede Addisionele Taal	13352362	13352373	13352384
Portugees Huistaal	13352392	13352403	13352414
Portugees Eerste Addisionele Taal	13352422	13352433	13352444
Portugees Tweede Addisionele Taal	13352452	13352463	13352474
Spaans Tweede Addisionele Taal	13352482	13352493	13352504
Tamil Huistaal	13352512	13352523	13352534
Tamil Eerste Addisionele Taal	13352542	13352553	13352564
Tamil Tweede Addisionele Taal	13352572	13352583	13352594
Telegu Huistaal	13352602	13352613	13352624
Telegu Eerste Addisionele Taal	13352632	13352643	13352654
Telegu Tweede Addisionele Taal	13352662	13352673	13352684
Urdu Huistaal	13352692	13352703	13352714
Urdu Eerste Addisionele Taal	13352722	13352733	13352744
Urdu Tweede Addisionele Taal	13352752	13352763	13352774

TABEL B5: INGENIEURSWESE EN TEGNOLOGIE

VAK	VAKNOMMER		
	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Siviele Tegnologie	15351002	15351013	15351024
Elektriese Tegnologie	15351032	15351043	15351054
Meganiese Tegnologie	15351062	15351073	15351084
Ingenieursgrafika en -ontwerp	15351092	15351103	15351114

TABEL B6: MENSLIKE EN SOSIALE STUDIES

VAK	VAKNOMMER		
	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Geografie	16351032	16351043	16351054
Geskiedenis	16351062	16351073	16351084
Religiestudies	16351092	16351103	16351114

TABEL B7: FISIESE, WISKUNDIGE, REKENAAR- EN LEWENSWETENSKAPPE

VAK	VAKNOMMERR		
	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Rekenaartoepassingstegnologie	19351002	19351013	19351024
Inligtingstegnologie	19351032	19351043	19351054
Lewenswetenskappe	19351062	19351073	19351084
Fisiese Wetenskappe	19351092	19351103	19351114

TABEL B8: DIENSTE

VAK	VAKNOMMER		
	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Verbruikerstudies	20351002	20351013	20351024
Gasvryheidstudies	20351032	20351043	20351054
Toerisme	20351062	20351073	20351084

BYLAAG C

ERKENNING VAN VAKKE WAT NIE IN DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING GRAAD R-12 OPGENEEM IS NIE

C.1 DIE STATUS VAN VAKKE AANGEBIED DEUR ANDER ASSESSERINGSLIGGAME

Kandidate mag ‘n maksimum van een vak, ontwikkel deur ‘n geakkrediteerde assesseringsliggaam, uitgesonderd die Department van Basiese Onderwys, aanbied, met dien verstande dat sodanige vak in nasionale onderwysbeleid opgeneem is. ‘n Maksimum van 20 krediete mag aan so ‘n vak toegeken word. Geakkrediteerde voorsieners wat van voornemens is om hulle vak as deel van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* aan te bied, mag dit met die goedkeuring van die Departement van Basiese Onderwys doen.

Die vakke genoem in *paragraaf C2* is goedgekeurde vakke van ander geakkrediteerde assesseringsliggame. Slegs in uitsonderlike gevalle sal addisionele vakke in hierdie kategorie deur die Department van Basiese Onderwys oorweeg word.

C.2 VAKKE VAN ANDER ASSESSERINGSLIGGAME WAT DEUR DIE MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS GOEDGEKEUR IS

TABEL C1: LANDBOU

VAK	VAKNOMMER		
	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Perdestudies	**10361002**	**10361013**	**10361024**

TABEL C2: KULTUUR EN KUNSTE

VAK	VAKNOMMER
	GRAAD 12
Associated Board of Royal Schools of Music Praktiese Musiekeksamen Graad 7	11361034
Trinity College of London Praktiese Musiekeksamen Graad 7	11361104
UNISA Praktiese Musiekeksamen Graad 7	11361184

TABEL C3: BESIGHEID-, HANDEL- EN BESTUURSTUDIES

VAK	VAKNOMMER		
	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Maritieme Ekonomie	12361002	12361013	12361024

TABEL C4: NIE-AMPTELIKE TALE

VAK	VAKNOMMER		
	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Moderne Grieks Tweede Addisionele Taal	13361002	13361013	13361024

TABEL C5: INGENIEURSWESE AND TEGNOLOGIE

VAK	VAKNOMMER		
	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Seevaartkunde	15361002	15361013	15361024

TABEL C6: MENSLIKE EN SOSIALE STUDIES

VAK	VAKNOMMER		
	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
Sport en Oefenkunde	16351122	16351133	16351144

BYLAAG D

VAKKODERING VIR ASSESSERINGSDOELEINDES

D.1 Vakke

Die vakkodes vir vakke genoem in Tabel 1-3, 6-8, 11-16 en Bylaag A en B bestaan uit agt syfers met die volgende betekenis:

- Eerste en tweede syfers: NKR-organiseringsvelde (tot en met twee syfers) (Tabel D1);
- Derde en vierde syfers: die vakgroeperings soos hieronder gedefinieer (Tabel D2);
- Vyfde, sesde en sewende syfers: unieke vakkodes binne elke NKR-organiseringsveld; en
- Agtste syfer: Die NKR-vlak van die vak.

Tabel D1: NKR-organiseringsvelde en hul verbintenis met die vakkoderingstelsel

SYFER	NKR-ORGANISERINGSVELDE
10	Landbou en Natuurbewaring
11	Kunste en Kultuur
12	Besigheids-, Handel- en Bestuurstudies
13	Kommunikasiestudies en Taal
14	Onderwys, Opleiding en Ontwikkeling
15	Vervaardiging, Ingenieurswese en Tegnologie
16	Menslike en Sosiale Studies
17	Regte, Krygskunde en Sekerheid
18	Gesondheidswetenskap en Sosiale dienste
19	Fisiese, Wiskundige, Rekenaar- en Lewenswetenskappe
20	Dienste
21	Fisiese beplanning en Konstruksie

Tabel D2: Vakgroeperings

SYFER	VAKGROEP
30	Amptelike Tale op Huistaalvlak
31	Amptelike Tale op Eerste Addisionele Taalvlak
32	Wiskundige Geletterdheid
33	Wiskunde
34	Lewensoriëntering
35	Ander goedgekeurde vakke genoem in Tabel 1-3, 6-8, 11-6 en Bylaag B
36	Vakke van ander assesseringsliggame deur die Departement van Basiese Onderwys erken om as Groep B-vakke aangebied te word.